# Byt vas

## Openbaring 3:7-13

Lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel. As jy miskien sukkel, vra iemand by die huis om jou daarmee te help. Antwoord daarna die volgende vraag:

Wat dink jy moet ons leer wanneer ons hierdie teks lees?

Kom ons kyk…

As jy die opskif gelees het, sal jy weet wat hierdie teks vir ons wil leer. Dit is om vas te byt, maar wat beteken dit? Beteken dit om letterlik aan iets te byt? Nee, natuurlik nie. Dit beteken om aan te hou met iets al raak dinge soms moeilik.

Wat ons hier in die Bybel leer is dat Christene ook soms deur moeilike tye kan en mag gaan, maar dat God wil hê ons moet aanhou lief bly vir Hom.

Het jy al gevoel asof jy deur 'n moeilike tyd gaan?

____________________________________________________

Wat het gebeur dat jy gevoel het dit was moeilik?

____________________________________________________

Wat maak jou hartseer?

____________________________________________________

Wat maak jou kwaad?

____________________________________________________

Al is ons hartjies soms seer, of al raak ons partykeer kwaad oor sekere goed, wil God hê ons moet Hom aanhou dien. Ons weet mos dat God ons altyd sal vashou en beskerm. Ons moenie toelaat dat enige iets ons van God af wegvat nie.

Wanneer ons vers 11 tot 12a in die Kinderbybel lees staan daar die volgende:

*"[11]Ek kom gou na julle toe. Hou vas aan wat julle by My gekry het. Moenie dat iemand julle van geestelike wenners in geestelike verloorders verander nie. [12a]Wie enduit 'n Christen bly, sal beloon word. Hy sal 'n permanente plek in God se huis hê."*

So, ons moet vasbyt en aanhou vir God lief wees, al gaan dit soms sleg met ons. God is altyd by jou en lief vir jou, daarom sal jy eendag die ewige lewe hê.

Kan jy onthou hoe ons die ewige lewe gekry het? Dis natuurlik deur Jesus.

Kom ons lees Johannes 3:16 –

*"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*

Kleur nou die prentjie in om jou te herinner dat God baie lief is vir jou en dat jy net moet vasbyt.

